# Laerskool Lorraine Primary School

**Adres / Address:** Meuselaan / Meuse Avenue, Lorraine, Port Elizabeth

**Tel:** (041) 367 - 1115

**E-pos / Email:** info@lorraineschool.co.za


PERSEVERA

## 2027 VEREISTES VAN AANSOEK EN INLIGTING

Dankie vir u belangstelling in Laerskool Lorraine.

**Belangrike inligting waarvan u moet kennis neem:**

***GEEN E-POSAANSOEKE VAN PLAASLIKE INWONERS SAL AANVAAR WORD NIE.***

***Indien enige relevante dokumente nie by die aansoek is nie of as die vorm onvolledig of verkeerd ingevul is, sal die aansoek nie verwerk word nie. Die inhandiging van 'n aansoekvorm verseker nie aanvaarding nie. Die hoof behou die reg voor om, sonder vooroordeel, 'n aansoek te aanvaar of te verwerp.***

***Sou die Department van Onderwys voortgaan om van die gesentraliseerde aansoekvorms gebruikte maak, sal ons ouers motiveer om sou gou as moontlik aansoek te doen. Hierdie aansoekvorm sal dan nie geldig wees nie.***

**GRAAD R EN GRAAD EEN**
**AANSOEKE SAL SLEGS VANAF 09/02/2026 TOT 31/03/2026 AANVAAR WORD.**

**Die volgende inligting MOET aan die aansoek geheg wees:**

1. Gesertifiseerde afskrif van onverkorte geboortesertifikaat.
2. Gesertifiseerde afskrif van bewys van inënting.
3. Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers / voogde se ID dokumente.
4. Bewys van indiensneming van beide ouers / gesertifiseerde afrskrifte van beide ouers se salarisstrokies. Indien selfonderhoudend, moet 3 maande se gesertifiseerde bankstate aangeheg word.
5. Bewys van woonadres:
   Eienaar – Munisiplaiteitsrekening
   Huurder – Huur kontrak en beëdigde verklaring van eienaar
6. Doodsertifikaat (waar van toepassing).
7. Indien beide biologiese ouers oorlede is, moet wettige voogdypapiere soos aangedui deur die Hof aangeheg word. Doodsertifikate sal ook vereis word.
8. Nie-Suid-Afrikaanse burgers moet oorspronklike werkspermit en **WETTIGE STUDIEPERMITTE** voorsien.

**GRAAD TWEE TOT SEWE**
**AANSOEKE IS BESKIKBAAR VANAF 6/10/2026 – 30/10/2026**

**Die volgende inligting MOET aan die aansoek geheg wees:**

1. Gesertifiseerde afskrif van onverkorte geboortesertifikaat.
2. Gesertifiseerde afskrif van bewys van inënting.
3. Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers / voogde se ID dokumente.
4. Bewys van indiensneming van beide ouers / gesertifiseerde afrskrifte van beide ouers se salarisstrokies. Indien selfonderhoudend, moet 3 maande se gesertifiseerde bankstate aangeheg word.
5. Bewys van woonadres:
   Eienaar – Munisiplaiteitsrekening
   Huurder – Huur kontrak en beëdigde verklaring van eienaar
6. Gesertifiseerde afskrif van laaste rapport (waar van toepassing).
7. Oorplasingsdokument (waar van toepassing).
8. Doodsertifikaat (waar van toepassing).
9. Indien beide biologiese ouers oorlede is, moet wettige voogdypapiere soos aangedui deur die Hof aangeheg word. Doodsertifikate sal ook vereis word.
10. Nie-Suid-Afrikaanse burgers moet oorspronklike werkspermit en **WETTIGE STUDIEPERMITTE** voorsien.
11. Met aanvaarding, moet 'n oorplasingsbrief van die vorige skool ingehandig word op die eerste dag van bywoning by Laerskool Lorraine.

**Die inhandiging van vals inligting kan tot regstappe deur die SBL lei.**

**Ons maak geen afskrifte nie. Derhalwe moet u asseblief toesien dat die dokumente gekopieër en gesertifiseer is of handig die oorspronklike dokumentasie in.**

**In die geval van Pleegouers / Wettige Voogde, moet die WETTIGE dokumentasie ingehandig word om u status te ondersteun.**

**WANNEER U KIND BY LAERSKOOL LORRAINE AANVAAR IS AS TOEKOMSTIGE LEERDER VAN DIE SKOOL, MOET U BINNE TWEE WEKE DIE FOOI VAN R 3 000 BETAAL OM SY/HAAR PLEK TE VERSEKER. GRAAD R & 1 LEERLINGE KRY N PAKKET WAT SEKERE ITEMS INSLUIT, EN DIE BALANS WORD OORGEDRA NA DIE SKOOLFOOIE REKENING.**

**ONDERRIGMEDIUM**
Die Bestuurliggaam van die skool het in sy taalbeleid bepaal dat die skool 'n parallelmediumskool is en dat die onderrigmedium Afrikaans en Engels sal wees. Leerders wat tot die skool toegelaat word, moet voldoende bekwaam in Afrikaans en Engels wees sodat hulle akademiese vordering nie daardeur benadeel kan word nie. **ONS BEVEEL STERK AAN DAT KINDERS IN HUL MOEDERTAAL ONDERRIG MOET WORD.**

**TOELATINGSOUDERDOM**
Graad R-leerders moet gedurende die graad R-jaar 6 word.
Graad 1-leerders moet gedurende die graad 1-jaar 7 word.

**KEURINGSKRITERIA VIR TOELATING**
Die Skool Beheerliggaam en die Skoolhoof van Laerskool Lorraine is gebonde deur die konstitusie van die land om alle aansoeke regverdig te hanteer. Nogtans moet dit aanvaar word dat nie alle aansoeke aanvaar kan word nie en dat sekere regverdige prosesse van keuring onvermydelik is.
Die keuringskriteria is as volg:

- Leerders wie tans biologiese broers / susters in Laerskool Lorraine het.
- Leerders wie in die skool se voedings-area woon.
- Leerders wie se ouers oud-leerders by Laerskool Lorraine was.
- Leerders wie se ouers in die skool se voedings-area werk.
- Indien daar plek is, kinders buite die voedings-area. Aansoekers wat nie in die skool se "kern geografiese area" woon nie, moet besef dat hul kanse op aanvaarding min is en dat hulle by ander skole aansoek moet doen en definitief by hul naaste publieke skool.

Ouers wie verplaas is van buite die Nelson Mandela Metropolitaanse gebied, mag 'n aansoek voltooi. Dieselfde norme en standaarde sal geld.

Om te verseker dat effektiewe en ordelike onderrig by Laerskool Lorraine plaasvind, is die volgende van kardinale belang:

1. Die leerder moet voldoende bekwaamheid toon in die onderrigtaal waarvoor daar aansoek gedoen word.
2. Die leerder moet voldoende toegerus wees vir die graad waarvoor aansoek gedoen word en moet, waar van toepassing, die vorige graad geslaag het.
3. Die skool sal die leerder / onderwyser-verhouding, soos deur die SBL bepaal, toepas. Wanneer die kapasiteit bereik is, sal daar geen aansoeke meer aanvaar word nie.
4. Ouers / voogde wat aansoek doen om toelating sal met die nodige kennisname van die Suid-Afrikaanse Skolewet, hulself moet vergewis van die inhoud van die Laerskool Lorraine se MISSIE, taal- en godsdiensbeleid asook die gedragskode, skoolfonds en bydraes. Ouers / voogde, derhalwe, neem kennis van aanvaarding en verbind hulle daartoe.
5. 'n Kind wat van 'n ander skool na Laerskool Lorraine verplaas is, moet sy vorige skool met 'n skoon rekord verlaat.
6. Laerskool Lorraine mag, onder toepaslike omstandighede, die kind en sy/haar ouers / voogde vir 'n onderhoud nooi. 'n Kind wat na so 'n onderhoud genooi is, sal nie toegelaat word alvorens die onderhoud plaasgevind het nie.
7. Indien die skool enige besorghede oor die kind se gesondheid het, mag die skool aandring op 'n mediese toets / verslag wat deur 'n dokter van die skool se keuse gedoen word en die mediese verslag dan aan die skool gegee word.

**FINANSIËLE VERPLIGTINGE**

**Let asseblief daarop dat Laerskool Lorraine 'n SKOOL IS WAT SKOOLGELD HEF ingevolge die betrokke wetgewing, en dat u die verpligting aanvaar om finansieël tot u kind se onderrig by te dra wanneer u u kind by die skool inskryf.**

In terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, seksie 40, is ouers / voogde onder verpligting om verpligte skoolgeld te betaal soos deur die skool se Beheerliggaam vasgestel. Volgens hierdie wet is beide ouers/voogde gesamelik en afsonderlik verantwoordelik om die skoolgeld te betaal ten spyte van enige skei- of onderhoudsooreenkomste. Verder, in terme van Seksie 41 van dieselfde Wet, mag die Beheerliggaam betaling van verpligte skoolgeld afdwing.
Die skool mag ook navrae doen of inligting kry by die Kredietburo in verband met ouers /voogde / borge se finansiële status. Die skool mag ook inligting oor hoe ouers / voogde / borge hulle finansiële verpligtinge aan die skool nakom met ander kredietinstansies deel sodat behoorlike kredietrisiko's besluite geneem kan word. Indien ouers / voogde / borge nie hul verpligtinge teenoor die skool nakom nie, mag die skool hierdie wanbetaling by die kredietburo aangee. Indien hierdie inligting aan 'n kredietburo gegee word, mag dit deur ander kredietinstansies gebruik word om kredietrisiko's te bepaal.

**SKOOLGELD (ONDERWORPE AAN VERANDERING IN 2026)**

Neem kennis van die skoolfooie vir 2026:

Graad RR22 242 p.j. (R2 022 x 11 maande betaalbaar van 31 Januarie tot 30 November.)

Grade 1 – 7 R21 582 p.j. (R1 962 x 11 maande betaalbaar van 31 Januarie tot 30 November.)

Skoolgeld vir 2027 sal in November 2026 beskikbaar wees.

Sou u kind aanvaar word, sien ons uit na 'n lang en wedersyds voordelige verbintenis met u. Ons gee met liefde om vir elke kind in ons skool en poog om hom of haar tot sy of haar volle potensiaal te ontwikkel. Ons sien ook uit na 'n noue en konstruktiewe verhouding met elke ouer / voog.